



2014 / 2015

# KONSEP MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING - STRATEGIE VIR LANGEBERG MUNISIPALITEIT



## 1. AGTERGROND

Langeberg Munisipaliteit is een van vyf plaaslike munisipaliteite binne die munisipale area van die Kaap-Wynland Distrik en bestaan uit vyf dorpe, naamlik: Ashton, Bonnievale, McGregor, Montagu en Robertson. Die Langeberg beslaan 'n totale area van ongeveer 4 517,4km<sup>2</sup>, meestal bestaande uit dorpsgebied, uitgebreide plaas- en natuurlike veldareas en 'n inwonertal van 97 742.

Die area se maatskaplike vooruitgang word tans gestriem deur talle remmende faktore, waarvan die meeste in die afdelings hieronder bespreek word . Die munisipaliteit word egter deur wetgewing gelas om maatskaplike ontwikkeling vir sy gemeenskappe moontlik te maak. Sodanige mandaat word in die afdeling direk hieronder gestaaf. As sulks, poog hierdie strategie om aan die implementering van sodanige mandaat uitvoering te gee.

## 2. WETGEWENDE RAAMWERK

### 2.1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996:

#### Artikel 152: Doel van Plaaslike Regering

(1) Die doel van Plaaslike Regering is –

- a) Om demokratiese en aanspreeklike regering aan plaaslike gemeenskappe te voorsien;
- b) Om die voorsiening van dienste aan gemeenskappe op 'n volhoubare wyse te verseker;
- c) Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder;
- d) Om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder; en
- e) Om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in die sake van plaaslike regering aan te moedig.

#### Artikel 153: Ontwikkelingspligte van Munisipaliteite

'n Munisipaliteit moet –

- a) Sy administrasie, begroting en beplanningsprosesse so struktureer en bestuur dat dit die basiese behoeftes van die gemeenskap prioritiseer en die maatskaplike - en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder; en
- b) Aan Nasionale en Provinsiale ontwikkelingsprogramme deelneem.

### 2.2. Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 of 2000):

Artikel 16: (1)(b) (10) meld dat 'n munisipaliteit tot die kapasiteitsbou van die plaaslike gemeenskap moet bydra om deelname aan munisipale aangeleenthede moontlik te maak.

Artikel 51: (a) Verplig munisipaliteite om vir die behoeftes van die plaaslike gemeenskap ontvanklik te wees.

### **2.3. Die Witskrif oor Plaaslike Regering, 1998:**

Meld – “Ontwikkelingsgerigte plaaslike regering moet ‘n sentrale rol speel in die verteenwoordiging van ons gemeenskappe, ons menseregte beskerm en ons basiese behoeftes vervul. Dit moet sy aksies en hulpbronne op die verbetering gemeenskappe se lewenskwaliteit fokus, veral diegene en groepe binne die gemeenskap wat meer dikwels gemarginaliseer of uitgesluit word, soos vroue, gestremde persone en besonder arme mense.”

## **3. GEMEENSKAPSDEELNAME**

Hierdie Maatskaplike Ontwikkelingstrategie vloei direk uit die PEO Strategie wat onlangs geraadpleeg, hersien en aangepas is, sowel as die gemeenskapsbydraes verkry van ander deelname-prosesse, bv. die huidige IDP proses en die Jeugsaamtrek van Julie 2013. As sulks, word gemeenskapsdeelname vir die ontwikkeling van hierdie strategie geag deels afgehandel te wees.

Die finale strategie sal egter ook vir publieke oorsig en kommentaar geadverteer word, waarna alle insette, sover moontlik, oorweeg sal word vir moontlike insluiting. Aangesien maatskaplike ontwikkeling egter hoofsaaklik gemik is op die jeug, vroue, gestremde, arm, kwesbare en voorheen gemarginaliseerde persone, moet spesiale pogings aangewend word om te verseker dat hul insette en deelname aan die ontwikkeling van die finale strategie verkry en geprioritiseer word.

Vir hierdie doel sal gemeenskapskonsultasies met geteikende groepe plaasvind. geskeduleer:

## **4. DIE HUIDIGE SOSIO-EKONOMIESE SITUASIE**

### **4.1. Bevolkingsgrootte**

Die huidige bevolking vir die Langeberg munisipale area is 97 724 met +- twee-derdes ( $\frac{2}{3}$ ) van die bevolking woonagtig in dorpsgebiede, terwyl die oorblywende een derde op plase woon. Daar is 17 941 huishoudings in die dorpsgebiede en 7 183 huishoudings in die afgeleë areas.

### **4.2. Bevolkings-groeikoers**

Na-aanleiding van die 2007 Gemeenskaps Opname, het Langeberg se bevolking teen ‘n jaarlikse gemiddelde koers van 0.24% afgeneem vanaf 81 272 mense in 2001 tot 80 119 mense in 2007. Die huidige bevolkingstatistieke van 97 724 beteken egter dat daar ‘n toename van 17 605 persone in 5 jaar was, wat ‘n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 4% sedert 2007 verteenwoordig. Wanneer die groeikoers sedert 2001 inaggeneem word, is die gemiddelde jaarlikse groeikoers tot 2011 ‘n meer gematigde een.

### **4.3. Ouderdomsverspreiding**

Die bevolking kan in drie hoofgroepe geklassifiseer word, naamlik: kinders (0 - 14 jaar), ekonomies-aktiewe bevolking (15 - 64 jaar) en persone 65 jaar en ouer. Die volgende tabel dui die ouderdomstruktuur van Langeberg in 2011 aan.


Ouderdomstruktuur in Langeberg, 2011:

	Ouderdomsgroep<15	Ouderdomsgroep 15-64	Ouderdomsgroep >64
Persentasie	28.4%	65.5%	6.1%
Totale getal	27,753	64,000	5,961

Die ekonomies-aktiewe bevolking in die Langeberg Munisipaliteit in 2011 is dus 64,000 persone. Die ouderdomsafhanklikheidsratio is gevolglik 52.6 per 100 (15-64). Hierdie afhanklikheidsratio is bykans 5% laer as tien jaar gelede, maar is steeds 'n groot aantal mense om te onderhou in geval wanneer die indiensnemingkoers in Langeberg laag is.

***In 'n ideale situasie, sal alle ekonomies-aktiewe persone werksaam wees. Die doelwit in Langeberg behoort dus 64 000 werksame persone te wees.***

#### 4.4. Geslagsverspreiding




Ten opsigte van geslagsamestelling, wys die figuur hierbo dat 51% van die huidige bevolking van Langeberg vroue is. Hierdie verskynsel is tipies regoor Suid-Afrika.

#### 4.5. Bevolkingsgroepe

Insig in die rasse-groeperings van 'n bevolking voorsien waardevolle inligting oor veranderinge in die historiese mense-vestiging en trekpatrone van 'n bevolking. In die Suid-Afrikaanse konteks is historiese en ontluikende mense-vestigingspatrone veral toepaslik vir hoe munisipale dienste verpak word om te voorkom dat vorige beleidsoorwegings herhaal word. Hierbenewens voorsien bevolkingsontleding insig in die toegangsvlakke van die onderskeie rassegroepe tot werkseleenthede en regeringsdienste. Hierdie dinamika hou implikasies in vir regeringsbeplanning, insluitende die lewering van onderwys-, gesondheids-, behuisings- en basiese dienste.

Die diagram hieronder illustreer die Langeberg bevolkingsverpreiding per ras. Die kleurling rasgroep, 70% van die totale plaaslike bevolking, is by verre die grootste bevolkingsgroep, gevolg deur swart afrikaners (16%) en blankes (12%).

Die grootste meerderheid inwoners (81%) vermeld Afrikaans as hul huistaal.



#### 4.6. Sosio-ekonomiese profiel


Die doel van die tabel hieronder is om die sosio-ekonomiese profiel van Langeberg Munisipaliteit kortliks te ondersoek. Die huishouding-aanwysers in die tabel dien ook gereeld as ontwikkelingsaanwysers.

Totale aantal huishoudings	25,125
Gemiddelde huishoudingsgrootte	3.7
Huishoudings met vroue-hoofde	31.1%
Persentasie formele huise	90.7%
Eie huise / afbetaal	46.8%
Water bronne: Munisipale /diensverskaffer	73%
Spoeltoilette (rioollyne of septiese tenke)	89%
Vullisverwydering deur munisipaliteit/privaat maatskappy	75%
Krag or brandstof vir kookdoeleindes	89%
Huishoudings met toegang tot mobiele telefone	80%

#### 4.7. Opvoedingsvlakke

Ten opsigte van onderwys het 5% van Langeberg se inwoners bo die ouderdom van 20 in 2011 geen skoolopvoeding ontvang nie. Dit is aansienlik beter as die 2001 sensus waartydens 12% van die bevolking geen skoolopvoeding ontvang het nie. In 2011 het 21.5% van die matriek behaal, met 6.5% wat 'n hoër onderwys ontvang het. Terwyl die matriekvlakke in die Langeberg Munisipaliteit verbeter het sedert die 2001 sensus, het die hoër-onderwysvlakke effens gedaal.

Wanneer hierdie opvoedingsanalise egter verder opgebreek word, word opgemerk dat amper 40,000 persone in Langeberg, bo die ouderdom van 20, geen skoolopvoeding bo primêre skoolvlak het nie. Dit beteken dat dit hulle waarskynlik nie werk, anders as handarbeid, sal vind nie. Voorts, beskik slegs 3900 persone bo die ouderdom van 20 oor 'n hoër onderwysopleiding, met die gepaardgaande geleentheid tot beter betaalde werk.



**Terwyl onderwys 'n mandaat van Provinsiale Regering is, is dit belangrik dat persone in die munisipale area voorsien word van voldoende, kwaliteit onderwys sodat hulle, met hoër vaardighede, instaat kan wees om beter betaalde werk te bekom – derhalwe, sosio-ekonomiese ontwikkeling.**

Die onderstaande tabel dui die vlakke van onderwys binne die munisipaliteit aan, afgebreek in na-skoolse, hoër onderwys kategorieë:

EDUCATION	TOTAL
Grade 0-12	76 773
NTC I / N1/ NIC/ V Level 2	63
NTC II / N2/ NIC/ V Level 3	50
NTC III /N3/ NIC/ V Level 4	69
N4 / NTC 4	62
N5 /NTC 5	39
N6 / NTC 6	100
Certificate with less than Grade 12 / Std 10	99
Diploma with less than Grade 12 / Std 10	100
Certificate with Grade 12 / Std 10	470
Diploma with Grade 12 / Std 10	987
Higher Diploma	866
Post Higher Diploma Masters; Doctoral Diploma	161
Bachelors Degree	492
Bachelors Degree and Post graduate Diploma	196
Honours degree	232
Higher Degree Masters / PhD	212
Other	206
No schooling	4 523
Unspecified	-
Not applicable	11 912
Total	97 612

Dit is duidelik dat die meerderheid van persone binne Langeberg Munisipaliteit net hoërskool opvoeding (Graad 0-12) het. Slegs 11,900 persone het 'n vorm van na-skoolse onderwys en opleiding. Slegs ongeveer 'n 1000 hiervan is universiteitsvlak-onderwys.

**Vaardigheidsontwikkeling binne Langeberg is krities belangrik vir die groei en diversifisering van die plaaslike ekonomie. Veral belangrik, is die 76 000 persone met slegs skoolopleiding. Ingrypings om hierdie persone meer vaardig te maak en wat beter sosio-ekonomiese omstandighede tot gevolg sal hê, moet gevind word.**

#### **4.8. Indiensneming**

Daar is 64,000 persone tussen die ouderdomme van 15 en 64 in die Langeberg Munisipale area, en dus geskik vir indiensneming. Die volgende tabel wys die amptelike indiensnemingstatus binne Langeberg vir alle inwoners tussen die ouderdomme van 15 en 64 wat in die munisipaliteit woonagtig is.

Langeberg Indiensnemingstatus (15-64 years), 2011:


	Aantal	%
<b>Werkzaam</b>	34713	54
<b>Werkloos</b>	4432	7
<b>Ontmoedigde werksoeker</b>	1110	2
<b>Ander- ekonomies-onaktief</b>	23773	37
<b>Totaal</b>	64028	100

In 2011 was die amptelike werkloosheidsyfer in Langeberg 11.3%, of te wel 7808 persone. Dit is effens minder as die 12.2% in 2001. Betreffende jeugwerkloosheid, is 15.1% van persone tussen die ouderdomme van 15 en 34 in Langeberg werkloos. Vir die doel van die studie is dit belangrik om die definisie van werkloosheid te verstaan. Statistiek Suid-Afrika definieer werkloosheid as daardie persone tussen die ouderdomme van 15 en 65 wie:

- Gedurende die 7 dae voor 10 Oktober nie werkzaam was nie;
- Werkzaam wil wees en beskikbaar is om binne 'n week vanaf die onderhoud diens te aanvaar; en
- In die 7 dae voor 10 Oktober aktief werk gesoek het of self 'n vorm van werkskepping begin het.

Dit is dus belangrik om daarop te let dat diegene wie ontmoedig is om werk te soek en nie meer aktiewe stappe neem om werk te vind nie, nie as werkloos geklasifiseer word nie. Dit is dus waarskynlik dat die werkloosheidsyfers hoër is as wat in hierdie statistieke voorsien word. 'n Verdere bekommernis om in ag te neem, is die tyd van die jaar wanneer die sensus gedoen is. In areas soos die Langeberg, waar baie mense in sekere seisoene werkzaam is en in ander nie, kan indiensnemingsdata, afhangend van die tydperk in die jaar waartydens die sensus plaasvind, skeef reflekteer. Dit is die mening van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsbeamptes in die munisipaliteit dat die indiensnemingskoers laer is as wat deur die sensus aangetoon word, aangesien die opname gedurende 'n hoër werkseisoen plaasgevind het.

**Employment by Type as Percentage**






#### 4.9. Inkomste profiel

Die doel van die grafiek hieronder is om die huidige sosio-ekonomiese profiel van die inwoners verstaanbaar te maak.

##### Individual Average Monthly Income



Dit is duidelik en kommerwekkend dat 33,000 persone, byna 'n derde van die bevolking van Langeberg, maandeliks geen inkomste verdien nie. Die meerderheid van huishoudings waar geen inkomste ontvang word nie, is in wyk 2 (547 huishoudings) en wyk 10 (418 huishoudings) geleë. Voorts, ontvang die helfte van die bevolking minder as R1,600 per maand.

Uit die statistiese data hierbo, is dit duidelik dat Langeberg Munisipaliteit 'n baie jong bevolking het waarvan meer as 'n kwart onder die ouderdom van 15 jaar is. 'n Baie groot deel van die bevolking het baie lae opvoedkundige kwalifikasies, wat een van die redes is waarom die algemene inkomstes laag is. Die werkloosheidsyfer is ook hoog.

#### 5. STRATEGIESE RIGTING

Al bogenoemde lei tot die algemene agteruitgang van gemeenskappe waarin sosiale probleme soos werkloosheid, dwelmmisbruik, misdaad, tienerswangerskappe, vroeë skoolverlating, MIV en Vigs, disfunksionele families, ens. heersend is.

Oor die duur van die Jeugsaaftrek (Julie 2013) is 'n paar maatskaplike knelpunte/probleme telkens geopper, naamlik:

- Dwelmmisbruik
- Tienerswangerskappe
- Vroeë skoolverlatings en 'n gebrek aan opvoedkundige ambisie
- Gebrek aan rolmodelle en ouerleiding
- Disfunksionele families

- Werkloosheid en die gebrek aan werksgeleenthede
- Bende-aktiwiteite
- Ongeletterdheid
- Gebrek aan maatskaplike opheffing, ontspanningsgeriewe en vermaak in gemeenskappe

Ten einde die omvang en maatskaplike behoeftes binne Langeberg Munisipaliteit beter te verstaan, is die sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings van Langeberg se maatskaplike omgewing ondersoek. Die 'SWOT'-analise wat hieronder volg, poog om hierdie strategie verder in te lig en die strategiese rigting vir optrede aan te wys.

### **Sterkpunte:**

- Sterk NROs en ander gemeenskapsorganisasies met maatskaplike ontwikkelingsfunksies
- Netwerke met rolspelers verseker suksesvolle projekte en doeltreffende dienslewering
- Die beskikbaarheid van fondse maak dit moonlik om maatskaplike probleme deur verskeie projekte aan te spreek

### **Swakpunte:**

- Min of geen koördinerende van maatskaplike ontwikkelingsfunksies
- Min is bekend oor die omvang van maatskaplike probleme
- Nasionale en Provinsiale Departemente lig Langeberg Munisipaliteit selde in oor hul intervensies
- Die gebrek aan betrokkenheid van ouers in hul kinders se welstand.
- Geen toegewyde betrokkenheid / samewerking om maatskaplike probleme op te los nie, bv. vanaf SAPD

### **Geleenthede:**

- Koördineer alle diensverskaffers sodat 'n uniforme diens gelewer word (met almal wat saamwerk)
- Span saam met bestaande NRGs en ander organisasies om 'n meer doeltreffende diens te lewer
- Bemagtig gemeenskappe deur opleidingsprogramme en ander ingrypingsintervensies

### **Bedreigings:**

- Die maatskaplike probleme in Langeberg sal vererger indien ingrypings nie geïmplementeer word nie
- Toenemende misdaad, dwelmmisbruik, vroeë skoolverlaters, tiener swangerskappe, ledigheid en werkloosheid in die area
- Die algemene aanvaarding van maatskaplike euwels deur die gemeenskap
- Die gebrek aan kundigheid om maatskaplike probleme tydig te identifiseer, die ontkenning van maatskaplike probleme en swak rolmodelle in families en die gemeenskap
- Blootstelling van die jeug aan die internet en sosiale media.
- Portuurdruk

Voortvloeiend uit al die voorafgaande inligting, poog hierdie strategiese plan om volgehoue sosiale ontwikkeling in die gemeenskappe binne die Langeberg munisipale area teweeg te

bring en gemeenskappe te ontwikkel wat saam bydra om bestaande, sosiale probleme die hoof te bied.

## **6. STRATEGIE VIR MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING**

### **6.1. VISIE**

Om 'n dinamiese en kreatiewe Langeberg Munisipale area te ontwikkel, bestaande uit volhardende en selfstandige gemeenskappe wat aktief aan gemeenskapsake en die ekonomie deelneem en voordeel trek uit 'n bemagtigende omgewing vir volhoubare ontwikkeling.

Hierdie visie vir maatskaplike ontwikkeling binne Langeberg is goed belyn met die munisipaliteit se algemene visie om “ **‘n volhoubare leefwyse en ‘n stabiele omgewing om in te leef vir alle inwoners te ontwikkel** ” sowel as met Langeberg Munisipaliteit se Strategiese Plan vir 2012 – 2016.

### **6.2. STRATEGIESE DOELWITTE**

Die Langeberg Munisipaliteit mik daarop om te fokus op die skep van geleenthede vir gemeenskappe om in hul ontwikkelingsbehoefte te voorsien, sodat hulle volhard en selfstandig kan word. Voorts streef ons daarna om geleenthede van samewerking met ander strategiese vennote (beide regerings sowel as privaat) te soek om hul bydraes so uit te brei dat dit ook realistiese en tasbare uitsette, gemik op die behoeftes van ons gemeenskappe, kan hê.

Die Langeberg Munisipaliteit moet die maatskaplike ontwikkelingsbehoefte en belange van die gemeenskap bevorder en die toekenning van hulpbronne ter ondersteuning van sodanige inisiatiewe in samewerking met die Nasionale en Provinsiale regering beïnvloed.

Ons strategiese doelwitte vir maatskaplike ontwikkeling is soos volg:

- Om toegang en insluiting van armes en kwesbares in die plaaslike ekonomie en groei te verseker.
- Om die ontwikkeling van gesonde gemeenskappe aan te moedig en te ondersteun.
- Om veilige omgewings waarin alle gemeenskappe kan gedy, te help ontwikkel.
- Om die ontwikkeling van georganiseerde gemeenskappe te fasiliteer en te ondersteun.

### 6.3. MAATSKAPLIKE ONTWIKKELINGSPROGRAMME EN IMPLEMENTERINGSPLANNE

Die roete vir maatskaplike ontwikkeling in die Langeberg munisipale area waarlangs die bovermelde strategiese visie en doelwitte bereik sal word, sluit die volgende programme in, tesame met die planne wat geïdentifiseer is om implementering van sodanige programme te fasiliteer:

6.3.1. Om toegang en insluiting van armes en kwesbares in die plaaslike ekonomie te verseker, is die implementering van die volgende **programme** geïdentifiseer.

- **Maak dit vir gemeenskappe moontlik om insiatief te neem en betekenisvol tot gesamentlike beplanning, besluitneming, implementering, monitering en evaluering by te dra.**

Planne / projekte vir implementering:

- Teiken gemeenskapsdeelname –insiatiewe om alle inwoners in te sluit.
- Bevorder en ondersteun maatskaplike entrepreneurskap en innovasie.
- **Verskaf ontwikkelingsgeleenthede, toegang tot hulpbronne en netwerke aan histories gemarginaliseerde en kwesbare groepe.**

Planne / projekte vir implementering:

- Bevorder die belange van gestremdes, jeug, vroue en die kwesbare persone en steun insiatiewe met strategiese vennote om hul bemagtiging en hoofstroming te bevorder.
- Implementeer armoede-verligting programme met die steun van strategiese vennote.

6.3.2. Om die tot standkoming van gesonde gemeenskappe te bevorder, is die implementering van die volgende **programme** geïdentifiseer:

- **Verskaf gesondheidssteun en skep gesondheidsbewustheid.**

Planne / projekte vir implementering:

- Ondersteun insiatiewe van die regering en die privaat sektor om die verlaging van MIV / VIGS en Seksueel-oordragbare Infeksies (SOIs) aan te spreek.
- Werk met strategiese vennote saam om dwelmmisbruik en -bewustheidsprogramme aan te spreek en van stapel te stuur.
- Steun insiatiewe van die regering en die privaat sektor om tienerswangerskappe aan te spreek en te verminder.

- Steun alle ander gesondheidsinisiatiewe en programme wat deur die regering uitgerol word.

6.3.3. Om te help met die skep van veilige omgewings waarin alle gemeenskappe kan gedy, is die implementering van die volgende **programme** geïdentifiseer:

- **Bou en verbeter morele en etiese waardes onder inwoners**

Plan / projek vir implementering:

- Spreek die hoê vlakke van misdaad met rolspelers aan

- **Steun regeringsinisiatiewe met betrekking tot die bevordering van veiligheid**

Plan / projek vir implementering:

- Werk met strategiese vennote saam om disfunksionele familie-strukture aan te spreek, insluitende familie-geweld.

6.3.4. Om die ontwikkeling van georganiseerde gemeenskappe (d.i. gemeenskappe wat hulself help) te fasiliteer en te steun. Is die implementering van die volgende **programme** geïdentifiseer:

- **Die ontwikkeling en steun van selfhelp-organisasies binne die gemeenskap:**

Planne / projekte vir implementering:

- Bied leiding met die stigting van NROs, GPOs, Koöperatiewe, ens.
- Verseker steun aan selfhelp-organisasies deur die Steunbefondsingbeleid te implementeer

- **Die totstandbring van maatskaplike samewerking:**

Planne / projekte vir implementering:

- Die skep van waarde-kettings onder organisasies binne die gemeenskap deur mentors en steun binne gemeenskappe self te vind.
- Ontwikkel en stel 'n netwerk saam van diensverskaffers, beide openbaar en privaat, in die veld van maatskaplike ontwikkeling
- Steun, integreer en moedig die implementering van maatskaplike ingrypings aan.
- Maak dit vir gemeenskappe moontlik om pro-aktief op te tree en aan ontwikkeling, bestuur en maatskaplike groei deel te neem

- **Fasiliteer vaardigheidsontwikkeling, opleiding en opvoeding vir eksterne mense-ontwikkeling:**

Planne / projekte vir implementering:

- Ontwikkel programme met diensverskaffers om lae vaardigheidsvlakke aan te spreek
- Steun inisiatiewe van die regering en die privaatsektor om die hoë skoolverlatingskoers aan te spreek en te verlaag.
- Steun inisiatiewe vir Vroeë-kinderontwikkeling

**6.4. SPESIALE PROJEKTE VIR DIE IMPLEMENTERING VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING**

Die onderstaande lys bied spesiale projekte waarmee die aksie-planne, hierbo gelys, deur die gemeenskap geïmplementeer kan word en het dit ten doel om die selfhelp-aksies wat deur gemeenskapsorganisasies geloods word, asook pogings van die gemeenskap om self maatskaplike probleme aan te spreek, in 'n gekonsolideerde rigting te stuur / te lei. Dit word hiermee dus pertinent gestel dat die insluiting van hierdie lys spesiale projekte nie beteken dat die munisipaliteit aanspreeklik gehou kan word om sodanige projekte te implementeer of te befonds nie. As 'n strategiese dokument dien dit bloot as 'n hulpmiddel vir selfhelporganisasies/persone in die gemeenskap om hul maatskaplike-ontwikkelingsaksies met hierdie strategie te belyn sowel as om eksterne pogings tot maatskaplike ontwikkeling strategies te teiken. Hierdie lys word dus bloot by hierdie strategie ingesluit om die omgewing waarbinne geteikende maatskaplike ontwikkeling binne die Langeberg munisipale area moontlik is, vir eksterne rolspelers te skep. Sodanige spesiale projekte sluit in:

<b><u>PROJEK</u></b>	<b><u>PROGRAMME</u></b>	<b><u>VERANTWOORDELIKHEID</u></b>
Vroeë Kinderontwikkeling:	<p>Dra sorg dat alle VKO fasiliteite met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is</p> <p>Dra sorg dat die personeel by alle VKO fasiliteite gepas gekwalifiseer is</p> <p>Verhoog die aantal kinders wat VKO fasiliteite bywoon</p> <p>Ontwikkel VKO fasiliteite in kwesbare areas</p> <p>Verseker dat alle VKO fasiliteite programme aanbied wat tot die ontwikkelingsbehoefte van die kind bydrae</p>	Departement: Maatskaplike Ontwikkeling

MIV/ VIGS and SOIs	<p>Verminder die aantal MIV / VIGS en SOI gevalle.</p> <p>Lewer geskikte bewusmaking- en inligtingsessies</p> <p>Bevorder vrywillige toetsing.</p> <p>Bevorder die verspreiding en gebruik van kondome.</p>	Departement: Gesondheid
Dwelmmisbruik	<p>Verminder die aantal dwelm- en drankverslaafdes</p> <p>Lewer geskikte opvoedkundige- en bewusmakingsprogramme.</p>	Departement: Maatskaplike Ontwikkeling
Tiener-swangerskap	<p>Verminder die aantal tienerswangerskappe.</p> <p>Lewer geskikte opvoedkundige- en bewusmakingsprogramme aan beide tienervaders en -moeders.</p> <p>Verskaf bystand en ondersteuning aan swanger tieners.</p>	<p>Departement: Gesondheid</p> <p>Departement: Maatskaplike Ontwikkeling</p>
Vroeë skoolverlaters	<p>Verminder die aantal vroeë skoolverlaters.</p> <p>Spreek die redes aan waarom leerders die opvoedingstelsel verlaat.</p> <p>Stelvaardigheidsprogramme bekend vir jeug wat die opvoedingstelsel reeds vroeg verlaat het.</p>	Departement: Onderwys

Gestremdes	<p>Verskaf ekonomiese geleenthede vir gestremde persone.</p> <p>Sluit gestremdes in by ander sosiale aktiwiteite.</p>	<p>Departement: Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>Departement: Ekonomiese Ontwikkeling</p>
Geslags- en vroue-bemagtiging	<p>Verskaf programme vir die bevordering van geslagsgelykheid en die bemagtiging van vroue.</p>	<p>Departement: Handel Nywerheid</p> <p>Departement: Maatskaplike Ontwikkeling</p>
Misdaadvoorkoming	<p>Verskaf geleenthede, beide sosiaal en ekonomies, om misdaad te bekamp.</p> <p>Verlaag misdaad statistieke in die area.</p>	SAPS
Morele and Etiese Standarde	<p>Verskaf programme om familiestrukture te verbeter met spesiale verwysing na die rolle en verantwoordelikhede van ouers.</p>	Departement: Maatskaplike Ontwikkeling
Disfunksionele Families	<p>Bepaal die onderliggende oorsake van disfunksionele families</p> <p>Spreek hierdie oorsake aan deur inligtingsessies en familie-georiënteerde programme aan te bied.</p>	Departement: Maatskaplike Ontwikkeling
Armoede-verligting	<p>Ontwikkel kostuime en ander steunende projekte</p> <p>Moedig klein ondernemings van entrepreneurs aan</p>	<p>Departement: Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>Langeberg Munisipaliteit</p>



<p>Lae vaardigheidsvlakke</p>	<p>Verbeter die vaardigheidsvlakke van geaffekteerde persone</p> <p>Ontwikkel 'n databasis van vaardighede in aanvraag</p>	<p>Departement: Onderwys</p>
<p>Maatskaplike Entrepreneurskap and Innovasie</p>	<p>Moedig 'n atmosfeer van selfvertroue aan om afhanklikheid van maatskaplike toelae te ontmoedig</p> <p>Help met die voorsiening van mentorskap-projekte</p> <p>Fasiliteer vaardigheidsontwikkeling en opleiding projekte aan entrepreneurs en innoveerders</p>	<p>Departement: Handel Nywerheid</p> <p>Departement: Maatskaplike Ontwikkeling</p>
<p>Ontwikkel 'n netwerk van diensverskaffers en skakels met ander strategieë</p>	<p>Ontwikkel 'n netwerk van diensverskaffers, insluitend Nasionale en Provinsiale regering en die Distriksmunisipaliteit.</p> <p>Stel 'n databasis saam van plaaslike GPOs, GGOs en ander organisasies wat in maatskaplike - /gemeenskapsontwikkeling betrokke is</p> <p>Skep skakeling met die PEO Strategie, die Konsep Jeug Strategie en alle bestaande beleide, sover as wat moontlik is.</p>	<p>Langeberg Munisipaliteit</p> <p>Kaapse Wynland Distrik Munisipaliteit</p>

**7. BRONNE**

1. National Department: Social Development: Strategic Plan 2009 – 2013
2. City of Cape Town: Department: Social Development - Departmental Business Plan
3. Stats SA: 2011 Census
4. Langeberg Municipality: LED Strategy
5. Langeberg Municipality: IDP